KONSERTINA-KLUB VAN S A

NUUSBRIEF NO 1

Geagte Lid

Die gedagte met hierdie nuusbriefie is primêr om kontak met u as lid te behou en gevolglik u ook op hoogte te hou van wat in die klub aangaan.

Dit is so dat alles wat nuut is nie altyd volmaak is nie en wil ons aanvaar dat met hierdie nuusbriefie daar seker ook foute te vinde sal wees. Onthou dat gesonde en opbouende kritiek altyd meewerk tot verbeterde resultate en is u dus welkom om u gedagtes aan ons oor te dra.

Ek wil alle lede, oues en nuwes, baie hartlik welkom heet as lede van die Konsertina-Klub van S A. Of u nou welliswaar 'n spelende lid van een of meer instrument is of net 'n liefhebber van hierdie musiek is, vertrou ons dat u baie entoesiasties gaan saam werk om die klub verder uit te bou. Sonder u is die klub doodgebore. Laat ons die boeremusiek wat naby ons harte lê bevorder en sodoende die kultuurskat vir ons nageslag bewaar.

Nogmaals baie welkom en ons hoor graag van u in die toekoms.

Groetend

Tom Senekal
VOORSITTER

PROJEKTE

Kortliks 'n uiteensetting van projekte waarmee tans besig is of wat beoog word.

1. LANGSPEELPLAAT

Soos u reeds moontlik bewus is, is die Klub nou besig om 'n langspeelplaat van wyle oom Faan Harris met tien van sy opnames daarop te maak. Die persone wat baie hard daaraan gewerk het is o.a. Danie Labuschagne, Lourens Aucamp en Johannes La Grange.

U kan verseker wees dat dit iets besonders gaan wees.

Daar word 1500 langspeelplate en 250 kasette vervaardig wat teen die volgende pryse verkoop sal word:

Plate @ R10.00 stuk
Kasette @ R8.00 stuk

Maak seker dat u, indien u nog nie van hierdie plate bestel het nie dadelik met Die Sekretaris

Konsertina Klub van S A
Posbus 843
PRETORIA 0001

skakel om sodoende 'n moontlike plaat of kaset te bekom.

2. MUSEUM

Die moontlikheid van 'n museum waar outydse musiekinstrumente, plate ens. asook fotos en biografieë van bekende orkeste en musikante besigtig kan word, word ondersoek.

Indien u ou musiekinstrumente, materiaal of inligting beskikbaar wil stel, skakel of skryf gerus aan ons.

3. OPMAAK VAN GRAFTES

Soos met die geval van wyle oom Faan Harris is die gedagte weer om te kyk na ander bekende figure in ons Boeremusiekverlede.

Die Komitee het besluit dat die volgende graf wat moontlik opgemaak kan word, die van wyle oom Silwer de Lange kan wees. Enige betroubare inligting betreffende die ligging van sy graf en ander inligting soos familie-betrekkinge wat nagespoor kan word, sal graag ontvang word sodat verdere stappe gedoen kan word.

2/

4. BEVORDERING VAN BOEREMUSIEK BY SKOLE EN ANDER INSTANSIES

Die Klub voel dat Boeremusiek by Skole aangewakker moet word. Planne om hierdie projek te bevorder word tans beraam en hopelik met die volgende nuusbrief sal die besonderhede dan verskaf kan word.

5. BOEREMUSIEK-BYEENKOMSTE

Soos met enige klub is dit belangrik dat alle lede soms bymekaar moet kom om mekaar te ontmoet.

Mnr. Daan Korsten, eienaar van Saamstaan Vakansie-oorde te Skeerpoort het ingewillig dat ons sy terrein kan gebruik wanneer ons musiek wil maak of makiete wil hou.

Meer besonderhede sal later verskaf word.

ALGEMEEN

1. Advertensies

Indien u op soek is na, of 'n bepaalde instrument of 'n musiekinstrument wil verkoop, laat ons gerus weet. Ons weet dalk van een van ons lede wat belangstel.

Sodoende bevorder ons mekaar se belange.

2. Ledegelde

Onthou om tog u ledegelde te betaal. Indien u nog nie 'n aanmaning gekry het nie stuur dit maar gerus aan die Sekretaris so gou as u kan. Dit beloop R5.00 vir jaargeld en R5.00 donasie.

3. Aanstuur van gelde

Wanneer u enige gelde soos bv. vir die plaat of ledegelde stuur, stuur dit onder dekking van 'n brief met u volledige adres daarop aan die Sekretaris.

5. Plateversamelaars

Daar is beslis 'n hele aantal plateversamelaars wat ook lede van ons Klub is. Hierdie versamelaars moet asseblief van hulle laat hoor sodat ons met hulle kan skakel.

Moontlik besit hulle nog opnames wat in so 'n goeie toestand is dat dit gebruik kan word met die oog op die verdere maak van langspeelplate van bekendes soos wyle oom Silwer, Willie Welgens en nog vele ander.

Ons vertrou dat ons as Boeremusiek-liefhebbers baie genot en plesier gaan ondervind met ons deelname aan hierdie saak.

SEKRETARIS